Chemists PLUS apteek
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Gruot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

JAARGANG XXXV NOMMER 5 7 MAART 1980

# Karnavalvlotte 'n hoogtepunt

DIE karnavalgebeure bereik hierdie naweek sy hoogtepunt met die vlotoptog deur die strate van Potchefstroom, Stilfontein en Klerksdorp op Saterdag 8 Maart.

Die tema "Dit is hoeka nie meer toeka nie" sal deur die vlotte uitgebeeld word. Die tema sentreer om die "ou" en die "nuwe" en is gekies omdat dit in verband met die ingebruikneming van die Hennie Bingle-Studentesentrum staan.

Die hoogtepunt van Vrydag 7 Maart is die Kaapna-Rio-wedvaart by die dam en die blikboukompetisie net daarna. Die blikboukompetisie word deur die koshuis wat die hoogste bliktoring kan bou, gewen.

Daar is Saterdag 8 Maart 'n biertuin wat in die dameskroeg van die Studentesentrum net langs die kafeteria plaasvind.

Die amptelike opening van die Karnaval het Donderdag 6 Maart in die amfiteater na afloop van die massa-ete plaasgevind. Tydens hierdie geleentheid is die wenner van die karnavaldebutante aangekondig en het die minister van Tarentaal met die akademie afgereken.

## Karnavalprogram

**VRYDAG 7 MAART**

08h30 : DAMESOKKER, Fanie du Toit, D- en E-velde
08h00 — 13h00 : RUGBY FINALE op Fanie du Toit
Pukkies tree op voor eindstryd.
Oorhandiging van beker aan die wenner deur Prof. Rassie Smit na die eindwedstryd.
08h00 — 13h00 : Sjampan jenooiens
08h45 : DUBBELPAALTJIEKRIEKET Potchetstroomdam
14h00 — 15h00 : BLIKBOUKOMPETISIE
TOUTREKKOMPETISIE
15h00 — 17h00 : KAAP-NA-RIO
18h00 : Vlotbou

**SATERDAG 8 MAART**

08h00 : VLOTOPTOG — Vlotte, Popkoppe, Persone met blikkies
14h00 : Aanvang van ORKESKOMPETISIE
Aanvang van TRAPKARWEDREN
14h00 : STALLETJIES
18h00 : MASSA-ETE
18h00 — 23h00 : BIERTUIN in dameskroeg in Studentesentrum
20h00 — 22h00 : Optrede van LEON SCHUSTER en vermaaklikheidsgroep
22h00 : Bekendmaking van KARNAVALWENNERS
Oorhandiging van PRYSE



Die dames van Oosterhof spog met 'n eie sjiek en elegante "Margaux Hemmingway" in blonde gedaante. Hier stel sy 'n nuwe motor aan die publiek bekend. Die reklameset het Saterdag plaasgevind.



Wat lêmeel nie alles aan 'n Uitspanhaan kan doen nie . . .




# S.G.D. stel Theuns aan

**MNR. THEUNS ELOFF, voormalige SSR-voorsitter van die PU, is onlangs as skakelbeampte vir SGD aangestel.**

Sy aanstelling het vanaf 1 Maart in werking getree en behels hoofsaaklik skakeling en koördinering en inisiëring in Promosa, die kleurlingwoongebied buite Potchefstroom.

Inisiëring in die sin dat daar meningsopnames in Promosa gemaak moet word na die behoeftes wat daar onder die inwoners bestaan.

Die behoeftes word bepaal ten opsigte van materiële behoeftes, akademiese opleiding en sportonderrig.

Mnr. Eloff se skakeling geskied met mej. Annamie de Klerk op die kampus. Sy kom dan weer in aanraking met die betrokke studentegroepe wat die dienste verrig.

Mnr. Eloff skakel namens SGD met die departement Kleurlingsake en doen ook ander eksterne skakeling.

Hy het gesê hoewel die werk reeds 'n geruime tyd in Promosa gedoen word, het dit nog nooit op so 'n georganiseerde basis plaasgevind nie.

Daar sal onder andere van hom verwag word om maandeliks verslag aan die SGD-bestuur te doen.

Sedert die stigting van die SGD, wat gedurende mnr. Eloff se termyn plaasgevind het, is hy ook ondervoorsitter.

# Hennie Bingle Studentesentrum is nou amptelik geopen

**DIE formele ingebruiknemingseremonie van die Hennie Bingle-Studentesentrum het op Saterdag 1 Maart plaasgevind.**

Die verrigtinge het in die ouditorium 'n aanvang geneem toe die skriflesing en gebed deur ds. A.A. Venter waargeneem is. Daarna is die aankondiging van die naam van die Studentesentrum deur die rektor, prof. Tjaart van der Walt, gemaak. Mnr. W.O. Meyer het namens die argitekte die plafonskildery in die foyer van die ouditorium aan die universiteit oorhandig.

Prof. H.J.J. Bingle is aan die woord gestel om sy openingstoespraak te lewer. Prof. Bingle het gesê dat dit vir hom 'n besondere eer is dat die sentrum na hom vernoem is.

Hy het egter 'n beroep op die studente gedoen om 'n gepaste noemnaam vir die sentrum te gee. Hy het ook baie klem gelê op die belangrike rol van die student op die kampus. Prof. Bingle was een van die inisieerders van die idee van die oprigting van so 'n sentrum wat tien jaar gelede reeds sy oorsprong gehad het.

Een van die hoogtepunte van die aand was 'n simfoniekonsert aangebied deur die Nasionale Simfonie-orkes van die SAUK met dr. Anton Hartman as dirigent. Na afloop van die konsert het die gaste 'n onthaal in die groot sportsaal bygewoon. Die onthaal wat in die vorm van 'n kaas-en-wyn was, is deur die Standard Bank aangebied.

Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater

# Simfonie-orkes tree op



*Die SAUK-Simfonie-orkes tydens die uitvoering in die ouditorium by die ingebruikneming van die Hennie Bingle-Studentesentrum. Anton Hartman was die dirigent by dié geleentheid.*

**Johan Myburg**

**Die Nasionale Simfonie-orkes van die SAUK het op 29 Februarie en 1 Maart uitvoerings in die ouditorium van die Hennie Bingle-Studentesentrum gelewer. Die uitvoerings het saamgeval met die amptelike ingebruikneming van die Studentesentrum.**

By dié geleenthede het mnr. Anton Hartman as dirigent opgetree. Neville Taweel was konsertmeester.

Die uitvoerings het bestaan uit Beethoven, Wagner en 'n kantate deur prof. Pieter de Villiers. Prof. De Villiers was die solis in die uitvoering van die klavierkonsert.

Die eerste werk op die program was die Prometheus-overture op. 43 van Beethoven. Hierdie werk was oorspronklik 'n overture tot 'n ballet. Vandag word die ballet nie meer uitgevoer nie — Beethoven het self afkeurend daarvan gepraat. Slegs die overture het sy populariteit in die konsertsaal behou.

Die laaste werk van die eerste helfte van die uitvoering was die Konsert nr. 3 in C-mineur vir klavier en orkes, op. 37. Beethoven het hierdie werk gekomponeer toe hy slegs vyf-en-twintig jaar oud was, toe hy as virtuoos aan die toppunt van sy loopbaan gestaan het.

In dié werk is daar 'n dramatiese intensiteit aanwesig en mens kan dit met reg beskou as die voorloper van die Eroica-simfonie wat slegs drie jaar later gevolg het.

Daar is 'n hegte ineenvlegting van die solis en orkes en die bydrae van die orkes is nie bloot dié van begeleier nie, maar 'n onafskeibare deel van die hele produk. Prof. De Villiers het dié konsert ook in 1954, met die ingebruikneming van die Totiussaal, uitgevoer.

Die eerste werk van die tweede gedeelte van die uitvoering was die kantate "Vera sapientia in Deo". Die teks vir die kantate is saamgestel deur prof. P.W. Buys. Die komponis is prof. Pieter de Villiers. Dié werk is oorspronklik geskryf vir die eeufees van die PU in 1969. Dit is by dié geleentheid die eerste keer uitgevoer.

Die lywige koor is saamgestel uit die Universiteits- en Collegium Musicum-kore van die PU en die Klerksdorpse Stadskoor. Die soliste was Rina Hugo, sopraan; Elise du Toit, mezzo; Bertus Schrap, tenoor en Werner Nel, bariton.

Die laaste werk van die aand was die Tannhäuser-overture van Wagner. Dié overture is op sy eie 'n simfoniese toondig, gebaseer op temas uit die opera. Die kragtige klimaks van die werk het moontlik daartoe bygedra om die uitvoering op 'n "hoë noot" af te sluit.

## Studentesentrum enig in sy soort

**Die Hennie Bingle-Studentesentrum kan uit die oogpunt van argitektoniese vernuf as enig in sy soort beskou word. Mnr. Hans van Zyl het selfs opgemerk dat hy nie verbaas sou wees as dié sentrum in aanmerking sou kom vir 'n toekenning as een van die vyf "bouwerke" van die jaar nie.**

Die kompleks is, afgesien van funksionele vereistes, 'n ineenvlegting van eenvoud en bonkigheid om uitdrukking te gee aan bepaalde eienskappe van die Afrikaner. Die kompleks is in die eerste plek vir studente beplan. Daarom is van 'n wye verskeidenheid kleure gebruikgemaak. Kleur sou die middel wees om jeugdige lewenslus te stimuleer.

Die argitektoniese taal van die kompleks is eenvoudig. Daar is bewustelik gesoek na "landskap" waarin mense meer bewus sou wees van ruimtes. Daarom is soveel moontlik van die bome op die perseel behou, en word struike en bome nog steeds aangeplant om landskapeffek te versterk.

Die kompleks leen hom uiters goed daartoe om te dien as uitstallingslokaal vir kunswerke: skilder- sowel as beeldhouwerke. Volgens mnr. Van Zyl sal daar mettertyd kunswerke in en om die geboue geplaas word. Die Sentrum is nog steeds besig om te ontwikkel, alles sal met verloop van tyd voltooi word.

Die voorportaal van die ouditorium kan ook vir uitstallings gebruik word as die werke wat ten toon gestel word van formaat is, soos byvoorbeeld die tapisserie-uitstalling van Jean Lurcat teen die einde van verlede jaar.

Die televisiediens van die SAUK wil blykbaar 'n opname oor die sentrum kom skiet — die buitewêreld het met ander woorde ook reeds van dié komplekse kompleks kennis geneem.

## *PU nog oor radio*

**Noudat Studentevaria nie meer aangebied word nie is dit nie te sê dat die PU nie meer bande met die SAUK en die pers het nie. Veral vir Karnaval is daar groot planne. Groot gedeeltes van die Karnaval sal deur die SAUK se radio- en TV-dienste gedek word. Al die dagblaaie sal ook verteenwoordig wees.**

Die programme Monitor, Radio Hoëveld, In my kontrei en ander sal aandag aan karnaval en die PU skenk. Om verhoudings nog verder uit te bou word daar nog 'n persete ook in die vooruitsig gestel.

## *Radio-Puk*

**Radio-Puk saai Vrydagoggend en -aand en Saterdagaand versoeke uit. Dit kan by die Radio-Puk ateljee ingehandig word.**

elke dag 'n mallemeul
waaroor die beul
die nag uitspreek
die perde se koppe afbreek

my in die duister
na my kussingsloop laat luister
of iets of iemand
my kop nie wil verbind

— Miempie Venter

## *Lens hou beloftes in*

**LENS, die jaarlikse publikasie van die Skrywerskring, is in Beeld van 7 Januarie aangekondig en geresenseer.**

Prof. Maria Nienaber-Luitingh beskou LENS 78/79 as 'n navolgingswaardige voorbeeld vir ander universiteite, deurdat jong digters só die geleentheid gegun word om hulle werk in druk te laat verskyn.

Prof. Nienaber-Luitingh maak melding van mooi beloftes wat die werk, veral dié van Thea Cloete, inhou. Sy noem verder dat daar bydraes is wat verras deur iets van 'n eie toon en oorspronklikheid.

Prof. Nienaber-Luitingh stel dit in die resensie dat daar werk van digters in dié bundel opgeneem is waarvan daar in die toekoms nog meer gehoor gaan word.

## *Skrywersberaad van 27 tot 29 Maart*

**Die Skrywerskring beplan om vanjaar die Nasionale Skrywersgilde se Skrywersberaad te Maselspoort by te woon.**

Die Beraad sal plaasvind vanaf 27 tot 29 Maart. Pogings sal aangewend word om vrystelling van klasse te reël ten einde studente die geleentheid te gee om die Beraad te kan bywoon.

Die eerste tien belangstellendes wat hulle name by die bestuur van die Skrywerskring ingee, mag die Beraad bywoon.


Mooi meisies en blomme pas bymekaar.....

Vir die roos van jou hart is daar:

VARS SNYBLOMME
RUIKERS
POTPLANTE
DROË RANGSKIKKINGS
KUNSBLOMME
ORNAMENTE, ens.

**huis & tuin**

Tomstraat 82b, Die Bult
Tel. 4641



POTCH INRY



Maart '80 Tel. 21881

7 — 8ste: 1ste vert.: ESCAPE FROM ALCATRAZ — Clint Eastwood
2de vert.: FINAL CHAPTER WALKING TALL — Bo Svenson
10 — 15de: Enigste vert.: THE DEER HUNTER — Robert de Neiro

# SSR-beleid gevra

**Geagte Redakteur**

In antwoord op die baie halfhartige reaksie wat my vorige brief van die Sentrale Studenteraad uitgelok het, rig ek graag hierdie skrywe aan u. (Verwys my brief op p. 7 van DIE WAPAD, 1980-02-29). In bogemelde brief vra ek namens myself en my médestudente sekere pertinente vrae aan die SSR, en met die vra van hierdie vrae het ek ewe pertinente antwoorde verwag.

In die eerste plek het my beswaar kortliks daarop neergekom dat ek ongelukkig voel oor die feit dat daar plakkate op die kampus verskyn waarin 'n sekere politieke party se politieke vergadering geadverteer word. Siende dat die betrokke plakkate die SSR-stempel dra, het die SSR hierdie vergadering geadverteer, of met hulle toestemming laat adverteer. (Dit help dus nie om vir my te verduidelik dat die SSR-stempel nie beteken dat die SSR die **inhoud** van die plakkate goedkeur nie.) Dit is nie wat ek bedoel het nie, as u my brief met aandag lees. My probleem is dat die SSR-stempel beteken dat die SSR die **advertensie** van die betrokke vergadering as sodanig goedkeur. Volgens u antwoord is dit SSR-beleid, en sal enige politieke party dieselfde behandeling ontvang. Ek wil dit aan u stel dat dit **nie** SSR-beleid is nie, tensy die huidige SSR dit nou ewe skielik beleid gemaak het. Hiertoe is hulle natuurlik gemagtig, maar selfs 'n elementêre begrip van ons studentegemeenskap sal u laat besef dat dit die tipe beleidsverandering is waarvan die massa ten minste ingelig moet word. Dit was nog altyd in die verlede deel van die ongeskrewe tradisie dat party-politiekery nie op die kampus toegelaat is nie. Verder is daar ernstige besware teen hierdie nuwe praktyk, aangesien dit een van die PU se grootste probleme is dat reklame oneffektief is vanweë die volume reklame waarmee die massa gebombardeer word.

In die tweede plek het ek ernstige probleme met die stelling dat dit SSR-beleid is om alle "plakkate wat pas binne die studentelewe" te laat opplak, en dat die SSR-stempel keuring moontlik maak. Dit is inderdaad soos wat dit veronderstel is om te werk, maar met die opplak van die betrokke plakkate het u juis hierdie praktyk in gevaar gestel: advertensies van politieke partye pas **nie** op die kampus nie. As u hiervan verskil, sou die massa dit graag wou hoor.

In die derde plek wil ek graag van die SSR hoor presies wat hulle beleid t.o.v. politiek is. Gedurende die afgelope verkiesing het ek en etlike ander kandidate 'n baie definitiewe en omskrewe beleid in hierdie verband gepropageer, en die uitslag van die verkiesing was 'n aanduiding dat die massa dalk anders dink. Tog wag ons nog steeds op 'n omskrywing van die SSR se beleid in hierdie verband.

Ons wil graag van u weet watter vorm u politieke aktiwiteite aanneem, en ek dink ook die massa het 'n reg op hierdie inligting, gesien die omvang van u politieke bedrywighede (verwys na die ander brief in Die Wapad van 29 Februarie).

**André van der Walt**

*[Brief verkort — Red.]*

*HIERMEE my waardering vir die poging van mnr. André van der Walt om 'n gesprek aan die gang te sit oor die wyse van die bedryf van politiek deur die SSR, en laasgenoemde se beleid daaroor.*

*Die "baie halfhartige reaksie" waarna mnr. Van der Walt in sy brief verwys, is die opsomming deur Die Wapad van my kommentaar oor die motivering vir die stempel van plakkate (ook die van die betrokke NKP-vergadering), en of die reklamering van alle politieke partye oor dieselfde kam geskeer sal word. Ek het nie mnr. Van der Walt se brief ter insae gehad voordat dit op Vrydag 29 Februarie op die kampus verskyn het nie. Die brief is aan Die Wapad en nie aan die SSR geadresseer nie.*

*Hier volg die antwoorde op die vrae wat mnr. Van der Walt stel in Die Wapad van 29 Februarie: Ja, die SSR sal ook die PFP en/of die HNP toelaat om hul politieke vergaderings te reklameer op die kampus as hulle aansoek sou doen. Mnr. Van der Walt se bewering dat die ongeskrewe tradisie in die verlede bepaal het dat party-politiekery nie op die kampus toegelaat is nie, is onjuis. Die ongeskrewe (dit wil sê nie-bindende) tradisie lui wel dat "party-politiekery" nie onder die georganiseerde studentelewe (waarvan die SSR aan die hoof staan) toegelaat word nie. Om hierdie rede bestaan daar 'n NP-tak en 'n NKP-tak op die kampus, maar dit resorteer nie onder die georganiseerde studentelewe nie. En om hierdie rede keur die SSR alle plakkate goed of af omdat die SSR die hoogste gesagsliggaam in die studentelewe is.*

*Vraag 2: Die SSR kan eerlik verklaar — soos wat mnr. Van der Walt maar te goed weet — dat daar geen bevoordeling van sekere party-politieke sentimente in die SSR, en na die beste van ons wete in Politiese Raad se optrede plaasvind nie.*

*Vraag 3: U waarskuwing aan die SSR dat "julle speel met vuur", waarskynlik deur die betrokke plakkate op te sit, verdien geen antwoord nie — nie wat die inhoud en ook nie wat die trant betref nie.*

*Wat u jongste brief betref — die SSR is deeglik bewus van die reklameprobleem op ons kampus. Mnr. Van der Walt behoort te weet dat die probleem in wese deur die magdom plakkate van studente-organisasies en nie deur die absolute minimum plakkate van buite-instansies bestaan nie.*

*Wil mnr. Van der Walt die goeie reg van die student ontneem om ook van buite-instansies se bedrywighede kennis te neem?*

*Ten slotte — die SSR het in die verlede op grond van die SSR se doelstellings soos vervat in sy grondwet, politiek bedryf. In die eersvolgende Wapad sal die SSR amptelik reageer op mnr. Van der Walt se versoek in verband met die SSR se beleid oor en wyse van die bedryf van politiek.*

*Die SSR van 1979/80 het sy beleid van skakeling met studente effektief begin deurvoer deur middel van SSR-lede wat by koshuise ingedeel is en sal dit nog sterk uitbou in die res van sy termyn. Die SSR waardeer positiewe kritiek en wenke en nooi alle Pukke daartoe uit, maar het aan voorskrywery, uitdagende houdings en aan gewaande segsmanne van die massa geen behoefte nie.*

***J.L. DU PLOOY***
***Voorsitter : SSR***

# *Staak politieke verklarings*

**Geagte Redakteur**

'n Kort antwoord op die brief van mnr. P.J. Snyman, Die Wapad van 29 Februarie. Ek stem heelhartig met u saam aangaande u gevoelens oor die SSR se gesag om grootse politieke verklarings en mosies "namens die Puk-studente" te maak. Daar behoort iets aan gedoen te word, verkieslik iets wat dit in die kiem sal smoor. Ek kan egter nie u sentimente deel aangaande die afskaffing van die Ontug- en verwante wette nie, hoewel ek u reg op 'n eie opinie respekteer. Net een probleem wat ek graag aan u wou stel: kontroleer u feite, want daar bestaan **geen** wette op moord, diefstal, of laster nie. (Uitgesonder enkele wette aanverwant aan diefstal en moord).

**André van der Walt**

**UIT**

**NO. 13**


# JONGMENSE DINK VANDAG ANDERS OOR BANKE.

# HIER'S 'N BANK WAT ANDERS DINK OOR JONGMENSE.



Kom ons praat reguit. As nugtere bankmense wat maar altyd sekuriteitsbewus is, het ons vaagweg aan die jeug gedink as die leiers van môre.

Maar dit het verander.

Want die jeug het verander ... altans, die Suid-Afrikaanse jeug.

Ons jongmense het die uitdaging van 'n vyandige wêreld aanvaar en hulle is die mense wat op haas elke terrein die boonste sport bereik.

Op die sportveld, op akademiese gebied, die handel, in die vervaardigingswêreld, op landbougebied ... maar bowenal op die grens waar ons land en sy mense verdedig word.

Ons by Volkskas glo dat ons moet luister na die probleem van enige jongmens wat by ons instap.

Ons weet vandag se jeug is môre se leiers en ons wil ons deel doen om hulle daar te kry – kom bespreek u geldprobleme met ons.

**BANK SUID-AFRIKAANS** Volkskas

(Geregistreerde Handelsbank)

KMP 5451/a

die WAPAD

## • Opening

**Die amptelike opening van die Hennie Bingle-Studentesentrum het heel onverwags informeel verloop. Geleenthede soos hierdie word gekenmerk deur onnodige seremonie en oormatige formaliteite. Daarom was dit 'n aangename verrassing om te merk hoe slegs die belangrike elemente behou is om die opening gesellig te laat vlot.**


**Dit was interessant om te verneem hoe belangrik studenteaandeel, veral in die Studentesentrum, vir prof. Bingle is. Sy humoristiese rede is goed ontvang, en sy voorstel vir 'n bynaam vir die sentrum het skynbaar aanklank by die gaste gevind.**

## • Karnaval

**'n Mens kan net hoop dat elke student sy volle gewig met Karnaval sal ingooi, sodat die harde werk van die organiseerders vrugte sal afwerp. Die hoofdoel van Karnaval behoort 'n voortdurende aansporing tot ywerige meelewing te wees.**

## • Kampus

**Die sementpaadjies op verskeie plekke op die kampus het onnodige beslommernis uitgeskakel. Reënweer het vroeër chaos veroorsaak. Hierdie probleem is gelukkig nou grotendeels opgelos, terwyl die kampus terselfdertyd versier en opgeruim is.**




# Afrika se pad deur die eeue

## — Cobus Visser —

**DIE SENTRUM vir Internasionale Politiek het Donderdagaand, 28 Februarie die eerste in 'n reeks van voordragte aangebied. Prof. A.P.J. van Rensburg van UP het as gasspreker 'n boeiende oorsig oor Afrika se geskiedenis gegee. Vanjaar se voordragreeks handel dan ook oor Afrika in die Wêreldpolitiek.**

**MITES**

Prof. Van Rensburg het sy voordrag begin deur daarop te wys dat daar talle mites oor die geskiedenis van Afrika bestaan — veral by Westerse historici. Die bekendste hiervan is die opvatting dat Afrika se geskiedenis eintlik begin het met die kolonisasie van hierdie kontinent in die voorafgaande eeue. Daar is en word ook geglo dat Afrika beskawingloos en stagnant is en dat beskawingsprodukte wat in Afrika te vinde is, sonder uitsondering gekoppel kan word aan die teenwoordigheid van indringers van buite Afrika.

Hierdie historiese opvatting hou egter nie water nie, veral aan die hand van bewyse dat byvoorbeeld die talle Zimbabwe-ruïnes nie die resultaat van buitelandse kontak kon wees nie.

Volgens Prof. Van Rensburg kan Afrika se kontak met die buitewêreld in drie temas verdeel word.

**• EERSTE FASE**

Afrika is reeds ongeveer 10 000 jaar gelede uit Suidwes-Asië deur Kaukasiërs binnegedring. Dit het gepaard gegaan met kultuurbydraes in Afrika wat van blywende aard sou wees.

Prof. Van Rensburg het daarop gewys dat gelet moet word op die feit dat die Westerse beskawing sy ontstaan het in Egipte en Mesopotamië in 4 000 tot 3 000 v.C. Die een is geleë in **AFRIKA** en die ander in Asië.

Asië se laaste groot bydrae aan Afrika was die Islamitiese geloof en kultuur. Hierdie Arabiere het gesorg vir die eerste goed gedokumenteerde geskiedenis van Afrika. Die Islam geloof en kultuur het 'n blywende bydrae in Afrika gemaak wat vandag nog oor die grootste deel van Noord-Afrika aangetref word.

In vergelyking met Asië was Europa se bydrae tot Afrika minder belangrik, alhoewel dit vir byna 'n duisend jaar geduur het. Europese kontak het weinig meer as 'n kortstondige invloed op Afrika gehad. Dit was onder Romeinse oorheersing dat sekere gebiede onder hulle beheer in Noord-Afrika as Afrika bekend geword het.

**• TWEEDE FASE**

Die werklike Europese kontak wat sou uitloop op die algehele kolonisasie van Afrika het begin met die Portugese seevaarders se pogings om 'n seeweg na Indië te vind.

Dit sou lei tot die latere belangstelling in Afrika deur ten minste vyf Wes-Europese state. Die belangrikste handelsartikels uit Afrika (vir die Westerse handelaars) het mettertyd slawe geword wat van Wes-Afrika na die Amerikas uitgevoer is om in plantasies te werk. Hierdie slawehandel sou verreikende gevolge hê. Veral ten opsigte van Afrika se latere houding jeens die Weste.

**"SCRAMBLE"**

Vroeë Westerse teenwoordigheid was beperk tot die kusgebiede van Afrika. Die "scramble" of wedloop om Afrika was die volgende fase in Afrika se geskiedenis. Teen 1870 was slegs een tiende van Afrika onder Westerse beheer waarvan 'n groot deel die Kolonie aan die Suidpunt van Afrika met sy twee Boere-republieke was. Aan die einde van die negentiende eeu was die hele kontinent deur Wes-Europese moondhede gekoloniseer.

Daar is 'n reeks faktore wat aanleiding gegee het tot hierdie imperialisme, maar dit is moeilik om te bepaal wat die faktor is wat die stormloop aan die gang gesit het.

'n Belangrike vraag is of die Weste Afrika ontwikkel of geëksploiteer het. Hiervoor is daar net soveel uiteenlopende menings. Feit is egter dat die Westerse impak op Afrika van blywende aard was. Dit kan gesien word in Afrika se huidige staatsgrense, Europese tale, Westerse tegnologie en ander Westerse kultuurneerslae wat vandag in Afrika aangetref word.

Afrika is as't ware deur kolonisasie uit sy isolasie losgemaak.

**• DERDE FASE**

Die laaste en meer kontemporêre fase in Afrika se geskiedenis het met die Eerste Wêreldoorlog begin.

Die Tweede Wêreldoorlog het Afrika se strategiese waarde beklemtoon. Nagenoeg twee miljoen swart soldate het in die oorlog geveg. Dit het hulle beeld van die witman as onfeilbaar die nekslag toegedien.

In die na-oorlogse Afrika was niks weer dieselfde nie. Die woorde "kolonialisme" en "rassisme" het belangrike wapens geword in die hande van die Kommuniste wat na die Tweede Wêreldoorlog na vore getree het.

Nasionalisme het in Afrika na vore gekom en die onafhanklikwording van eertydse koloniale gebied, Indië, het vir Afrika as voorbeeld gedien. Onder veral Amerikaanse aansporing het die koloniale moondhede spoedig uit Afrika onttrek.

Met die voltrekking van die dekolonisasie moes Afrika 'n beleid ten opsigte van wêreldpolitiek aaneem. Hulle keuse was onverbondenheid. Hierdie onverbondenheid het egter net in teorie gerealiseer.

Volgens Prof. Van Rensburg het die Russiese ambassadeur in Lusaka dit onlangs aan hom gestel dat die pad na wêreldoorheersing vir die Sowjet-Unie deur Afrika en om die suidpunt van Afrika loop.

Afrika het intussen 'n ongekende magsposisie in die wêreldpolitiek verkry as gevolg van die groot blok stemme waaroor hulle in die VVO en in bykans elke internasionale organisasie beskik.

Die swartes se grootste probleem na die dekolonisasie is en bly egter 'n soeke na 'n eie identiteit en 'n strewe om hulleself te laat geld in die hedendaagse geskiedenis is hieruit gebore.

# *Christus se leiding as voorbeeld*

**Jes. 53:3 en 4 : Sondag 15 van die Heidelbergse Kategismus**

**WAT VERSTAAN ONS ONDER DIE WOORDJIE "GELY"?**

Hierop sal elkeen van ons 'n antwoord kan gee, want die jeugjare is vol gevoelens van smart en vertwyfeling.

**WAT VERSTAAN HY, ONSE HERE JESUS, ONDER "GELY"?**

Dan word ons stil, want Sy lyding was totaal anders. Van die krip tot die graf het Hy gely. Tot drie maal is Hy deur God se aartsvyand in die woestyn versoek. Hy is uitgeskel as 'n vriend van tollenaars en sondaars.

Bitter was Sy lyding onder die geselhoue en met 'n doringkroon op Sy hoof is Sy koninklike amp gruwelik bespot. Drie uur lank het Hy tussen hemel en aarde gehang, met 'n aarde wat Hom wegstoot en 'n hemel wat weier om Hom te ontvang.

**SÓ HET HY GELY**

Altyddeur was Hy 'n Man van Smarte, verstote en vol benoudheid. Maar volgens God se ewige raadsplan moes Christus ly, en Hy wou ly om só die vreeslike toorn van God, wat op ons moes neerkom op hom te neem. Deur Sy lyde en sterwe gee God aan ons, Sy kinders, genade, geregtigheid en die ewige lewe. Lyding is vir Hom die dra van die las van die mensheid. Hy ly deurdat alle skuld hom persoonlik toegereken word. Sy eie mense het hom nie begryp nie — die lyding om nie begryp te word nie. Eensaam was hy, aldeur eensamer, en altyd meer verlate.

**HOE MÓÉT ONS "LYDING" VERSTAAN?**

Nee, ons verstaan nie die woordjie "gely" nie. En ons moet liewer maar stilbly. Deur gelowig te ly verbind ons lyde ons op 'n intiemer wyse aan Christus. Deur lyde word ons dieper ingelei in die gemeenskap met Christus en word die gemeenskap verdiep en bevestig.

Trap daarom met jou draggie lyding in die spore van die Lydingskneg. Dan sál jy ook deur lyding en in lyding oorwin.

**— Jan Aucamp**

# Pukke byna in onluste

deur Danie du Plessis

**VOLGENS mnr. Theuns Eloff was die ASB-toer van 1979 'n sukses. Die 41 toerlede wat verskillende universiteite en kolleges verteenwoordig het, se gees was baie goed.**

In die eerste deel van die toer, in Madrid, het hulle byna betrokke geraak by studente-onluste. Hulle is aanvanklik aangesien vir betogende studente en daar is byna met geweld teen hulle opgetree.

Daarná is hulle na Brittanje, Frankryk, Switserland en Nederland. Die groep het gevind dat in Europa, veral in die stede, die morele standaarde baie laag is.

Die besoek aan Israel het die hoogtepunt van die toer uitgemaak. Die kos was goed en daarbenewens was die Israelies baie gaaf. Die Israelies is fanaties trou aan hulle land.

Aangesien die groep eers weer na Rome sou moes terugkeer om 'n direkte vlug na Suid-Afrika te kry, het hulle voor hulle na Israel is, sekere aandenkings soos messe, swaarde ens. in Rome in bewaarkamers gebêre. Toe hulle na hul terugkeer van Israel hulle goed wou gaan haal, het hulle visums reeds verstryk. In 'n woordewisseling wat hierna gevolg het tussen mnr. Eloff en die amptenaar wat hulle nie wou toelaat om die lokaal waarin hulle was te verlaat nie, het die amptenaar sy humeur verloor en 'n rewolwer uitgepluk. (Die amptenaar kon nie Engels praat nie en die gesprek het slegs uit handgebare bestaan.)

Gelukkig kom daar toe 'n Italianer aan wat Afrikaans kon praat en die saak regstel. Betyds en met al hulle besittings kon hulle na Suid-Afrika terugkeer.

Die allesoorheersende indruk met hulle terugkeer was die wete dat Suid-Afrika maar die beste is. 'n Algemene gevoel is ook dat almal baie dankbaar vir sensuur in Suid-Afrika is.

## Wiskunde is kragtig

**PROF. PETER VAN ELDIK, wat onlangs as hoogleraar in Wiskunde by die Vaalriviertak aangestel is, het op 27 Februarie sy intreerede gelewer. Hy het gesê dat wiskunde beskou kan word as een van die kragtigste stukke gereedskap waarmee die weg vir alle wetenskaplike en tegnologiese ontwikkelings gebaan word.**

Wiskunde speel ook 'n fundamentele rol in die ekonomiese ontwikkeling van 'n land, in besonder ook in Suid-Afrika, omdat dit 'n basiese faktor is vir alle wetenskaplike en tegnologiese opleiding en navorsing. Dit vorm 'n kerngedeelte in die opleiding van 'n steeds toenemende aantal ingenieurs, chemici, bioloë, sielkundiges, ekonome, mediese wetenskaplikes en ander hoogs gespesialiseerde wetenskaplike navorsers.

Prof. Van Eldik se spesialiteitsgebied is die funksionaalanalise. Hy het gesê die tyd is ryp vir die stigting van 'n volwaardige navorsingsinstituut vir dié vakgebied. So 'n instituut kan 'n wesenlike bydrae lewer vir die ontwikkeling van 'n nagraadse skool in wiskundige wetenskappe aan die PU vir CHO.

Prof. Van Eldik is in 1945 in Nederland gebore. Benewens sy Wiskunde-kwalifikasies (op doktorale vlak) het hy ook 'n honneursgraad in Chemie en 'n nasionale Onderwysdiploma verwerf. Hy is sedert 1970 aan die PU verbonde.



*Stukja-vrolikheid tydens die bestuurs- en kringleierskamp te Venterskroon. V.l.n.r. is agter: Jan Bester, Marié Stegman, Carina Hanekom, Elsie Claasens, Retha van der Merwe, Anton Kruger en Ria Naudé. Voor: Isak, Piet Louw, Susarie Coetzee, Christo Swarts, Herman van den Bergh, Johan van Heerden en Ben Botha (voorsitter).*

## Kaap-na Rio

**Die Kaap-na-Rio-wedvaart begin op Vrydag 7 Maart om 15h00 by die dam.**

Vlotte word nie soos in die verlede by die koshuise gebou nie, maar by die damperseel self. Die materiaal wat benodig sal word vir die vlotbou word vroegtydig op vasgestelde plekke afgelaai.

Mansstudente wat verantwoordelik vir die bouery is, word vyftig meter van die materiale losgelaat. 'n Maksimum van vyf bouers per vlot word toegelaat en sodra hulle die materiale bereik, kan hulle begin bou.

Punte word toegeken aan die vlot wat eerste klaar gebou is asook vir die ekstra afwerking van die vlot.


# HP/SERIES E

Gee ons die antwoord & u kan hierdie rekenaar wen.

Die Probleem: Wat maak Hewlett Packard rekenaars uniek? RPN. Een groot voordeel van hierdie logiese stelsel bo eenvoudige algebraïese notasie is snelheid van operasie. Gebruik RPN en los die volgende probleem op in die minste stappe moontlik.

$$\text{Sin B} = \frac{N}{D}\left(1 - \sqrt{\frac{F^2-6^2}{H^2-6^2}}\right)$$

Nadat die probleem opgelos is, sit die stappe wat u gevolg het uiteen ten einde die oplossing te bereik in die kolom wat daarvoor voorsien word.
Indien u inskrywing een van die eerste korrekte inskrywings is om getrek te word, kan u die wenner wees van een van tien HP Series E Rekenaars wat Hewlett Packard in hierdie wedstryd aan studente weggee. Let asseblief op dat inskrywings ons moet bereik teen 30 April 1980 en die beoordelaars se beslissing sal finaal wees.

U HP Series E Oplossing:

=

Hiermee HP Series E oplossing vir die probleem.

Naam: ____

Adres: ____

Universiteit/Kollege: ____

Fakulteit: ____ Jaar van Studie: ____

Stuur aan:
Hewlett Packard, Privaatsak, Wendywood, Sandton, 2144.

HEWLETT PACKARD

GRATIS




GREY ADVERTISING AND MARKETING 12069

# tandem

# Polisse is vir die vrou geskep

**SELFS in hierdie moderne, verligte eeu neem almal aan dat versekering slegs vir die man as "broodwinner" bedoel is. Vandag is die vrou 'n gelyke vennoot op meeste vlakke van die samelewing. Daarom is dit so noodsaaklik dat die vrou ook moet voorsiening vir die toekoms maak.**

Wanneer 'n vrou as ongetroude 'n inkomste begin verdien, is sy in die ideale posisie om kapitaal op te bou vir toekomssekuriteit. Enige vrou bo die ouderdom 19 jaar kan 'n persoonlike uitkeerpolis uitneem. Vir 'n gewone lewensversekeringspolis is die ouderdom veertien jaar.

'n Dame bo die ouderdom 21 jaar en nog ongetroud geniet feitlik dieselfde regte as 'n man. Terwyl sy dan nog geen verantwoordelikhede het nie, is dit dan die uitstekende tyd om te beplan vir die toekoms.

Voor die huwelik verskil die inkomstebelastingposisie van die vrou nie veel van dié van die man nie. Sy is belastingpligtig vir enige inkomste wat sy nie by wyse van 'n skenking of oormaking van haar ouers ontvang het nie.

'n Sekere versekeringsmaatskappy het met 'n unieke polis begin wat uitsluitlik vir die vrou geskep is. Hiermee word die vrou se versekerbaarheid in 'n bate omskep. Groter finansiële sekerheid word verseker.

Met die uitkeerpolis word 'n versekerde spaarplan met lewensdekking en bykomende voordele aangebied wat die vrou se besondere behoeftes in ag neem.

Daar moet onthou word dat benewens die eindvoordeel van 'n polis, geniet die polishouer aansienlike lewensdekking en ongeskiktheidsbeskerming.

Die twee betekenisvolle kenmerke wat hierdie polis uniek maak, is:

- Ongeskiktheidsvoordele wat van krag bly na die huwelik en swangerskap in ag neem.
- Spesiale versekerbaarheidsvoordeel wat bykomende versekering sonder enige mediese bewys van gesondheid waarborg. Hier kan die vrou dan die voordele van die polis op die man oordra as hy dalk onderverseker of om mediese redes onversekerbaar is. Omdat 'n vrou se lewensverwagting gewoonlik hoër as dié van 'n man is, word die premie bereken op die grondslag dat sy vyf jaar jonger is, bv. vir die vrou van dertig jaar oud, is die premie gelyk aan die normale premie van 'n 25-jarige man.

Versekering het dus nuwe betekenis gekry. 'n Betekenis wat baie meer as lewensdekking behels. Hier word die polis 'n bate wat steeds in waarde groei.




*Met erkenning aan Alkohol en die Jeug (Dept. van Gesondheid).*

# Gebruik die veiligheidsreëls

**DIT is al herhaaldelik deur statistiek bewys dat die meeste ongelukke binne 'n radius van veertig kilometer van die slagoffer se huis gebeur. Miskien is die terrein te bekend om konsentrasie te regverdig, of so dink mens.**

Daar word meestal in die kar gespring om gou-gou iets te gaan doen, terwyl mens die essensiële veiligheidsreëls verontagsaam. Let volgende keer op of jy 'n sondaar op een van die volgende punte is.

- Hang die veiligheidsgordel om jou skouer net ingeval daar 'n verkeerskonstabel iewers rondloer? Ongelukkig kan mens nie 'n ongeluk ook so flous nie.
- Begin ry sonder om te kyk of die spieëltjies nog in posisie is?
- Hou allerhande bagasie op die agterste sitplek in plaas van in die bagasieruim? 'n Pakkie wat ongeveer 500g weeg word 'n 10 kg-missiel teen 60 km/u.
- Bestuur kaalvoet? Mens se voete is gewoonlik sag onder en kan nie die konstante drukking op die pedale lank verduur nie. Veral die dames moet ook wig- en spykerhakskoene vermy.
- Probeer allerhande dinge doen met net een hand op die stuur, soos 'n vinnige harekam, die venster oopdraai, jou beursie uit die sak en/of handsak haal of 'n kind of troeteldier vashou — dit lei mens se aandag af en mens is nie bedag op skielike stoppe of uitswaaie nie.

## Nou veilige drankies vir die pad

— Tina Botha —

**Gede-alkoholiseerde drank is 'n onderwerp waarvan Suid-Afrikaners nog min kennis het. Die rede lê daarin dat daar tot dusver nog nie gepoog is om dit in Suid-Afrika te vervaardig of te bemark nie.**

Gede-alkoholiseerde drank bevat slegs 0,05% alkohol, maar smaak tog oortuigend na wyn en bier. Die wyn gaan eers al die gewone wynmaakprosesse deur voordat die alkohol deur 'n vakuumproses verwyder word. Druiwe van besonder hoë gehalte word vanuit die staanspoor gebruik.

Daar is verskeie voordele aan dié tipe drank verbonde. 'n Mens sou bv. vyf-en-twintig bottels wyn kon drink sonder om nadelig beïnvloed te word. Padgebruikers en kinders is van dié mense wat die meeste bevoordeel word. Die onrusbarende toename van drankmisbruik onder jong kinders dwarsoor die wêreld, asook die groot aantal sterftes en beserings op Suid-Afrikaanse paaie wat deur dronk bestuurders veroorsaak word, vra 'n dringende plaasvervanger vir alkohol. Gede-alkoholiseerde drank het die antwoord op baie sosiale en maatskaplike probleme wat deur drankmisbruik veroorsaak word, geword.

Gede-alkoholiseerde drank is op die oomblik slegs vanuit Wes-Duitsland verkrygbaar. Die Suid-Afrikaanse wynbedryf behoort egter met groot vrug die vervaardiging en bemarking van gede-alkoholiseerde drank te implementeer.

Dit het tyd geword dat mense, ter wille van selfbehoud, aandring op die etiket: gede-alkoholiseerd.

*(Met erkenning aan Robot van Jan/Feb 1980)*




(well, almost anything)

We'll do anything to see you driving a Passat.

Bring us your car and we'll show you why you should be driving a Passat. Whatever you drive, any make, any model, we're interested because our used car market is booming. What's more, we'll give you the very best deal on a new Passat!

Harold's Volkswagen

220 Kerk Street, Potchefstroom. Tel. 4261

PNB2448


## Embleem ontwerp

**DIE embleem van die Studentesentrum is ontwerp deur mnr. Hans Schmitz, grafiese kunstenaar van die PU.**

Die ontwerp word gekenmerk deur die kontrasterende vorme van die sirkel en die reghoek. Die verdeelde reghoek simboliseer die sentrum terwyl die sirkel wat daardeur omsluit word dui op die studente en hul belange. Die twee vertikale openinge beklemtoon die vryheid van die studente omdat die sentrum slegs 'n tuiste bied en nie die student van die buitewêreld wil afsonder nie. Die twee halfmaanvormige ruimtes dui op die uitbouing van studentebelange en die uitdying van die samehorigheidsgevoel.

Die owerheid as beskermheer word vergestalt in die vereenvoudigde kandelaarwapen en die eenheid van kleur dui op die hegte band tussen die Universiteit en die studente.



*Mej. Vivian Louw van kasteel het die vinnigste baandrondte opgestel tydens die damestrapkar-wedren.*

## Wanda draf

**Die dames van Wanda het as reklameset na Parys gedraf. Hulle het die afstand binne twee uur en 37 minute afgelê.**

Mnr. C.F. Preller, die burgemeester van Parys, het gesê dis goed dat ons jongmense nog soveel ondernemingsgees en durf het en bereid is om opofferings te maak ter wille van studentegemeenskapsdiens en liefdadigheid.

## Losies betaal

**Die studenteburo hou alle koshuisinwoners aanspreeklik om die eerste semester se losiesgelde te betaal.**

Enige persoon wat nog die koshuis wil verlaat moet steeds koshuisgeld betaal.

Studente wat die koshuis aan die einde van die eerste semester wil verlaat, moet ten minste 'n maand kennis gee.

Volgens die studenteburo sal studente aanspreeklik gehou word vir losiesgelde van die tweede semester, indien hulle nalaat om kennis te gee.

Hierdie besluit is op 12 Februarie geneem deur die bestuurskomitee van die studenteburo.

## PU groei

Volgens beskikbare getalle is daar sover vanjaar 6 183 studente aan die PU geregistreer. Daarvan is 1 204 eerstejaars. 'n Merkbare groei word verwag.






*In ons eie kraal kan ons blêr tydens die jaarlikse karnaval-sêr — ons sing nie net van studentepret maar ook van drome droewig vêr . . .*










# Tehuis onthaal

**Die Abraham Kriel-kinderhuis is op Maandag 25 Februarie deur Vergeet-my-nie onthaal.**

Die byna tradisionele aksie is deur mej. Marliaan Kritzinger, 'n huiskomiteelid van Vergeet-my-nie, gereël. Die doel van die reklameset is om diens aan die behoeftiges te lewer. Daar is roomys, lekkergoed, koeldrank en balonne aan hulle voorgesit.

Mev. Liana Meintjies, oudinwoner van Vergeet-my-nie en sjampanjenooientjie, was ook teenwoordig. Sy is werksaam by die kinderhuis.



*Al dra 'n aap 'n goue ring bly hy maar nog 'n lelike ding.*



*Die Pukkies kan kom kers opsteek by Makouvlei se "dames"-trompoppies.*



*Heide en Drakenstein bied die oplossing vir "saamwonery".*



*Heide en Drakenstein se troue het 'n dramatiese wending geneem nadat 'n "onverantwoordelike" student nie rekening gehou het met langoor se kennis oor verkeersreëls nie. Die "botsing" was 'n reklameset van Heide en Drakenstein.*

# Buksie wen

**Vergeet-my-nie het Vryuag 29 Februarie 'n ideaal verwesentlik nadat 'n nuwe trapkar in ontvangs geneem is.**

Mnr. en mev. Scheepers was eregaste by die geleentheid.

Die trapkar se naam is "Buksie" en beloof groot dinge vir die toekoms. Dit is bewys nadat Vergeet-my-nie Saterdag die damestrapkar gewen het.


**GESKENKE**

Ons het 'n groot verskeidenheid geskenke vir elke geleentheid.
Vir die DAME wat omgee: Revlon, Coty, Helena Rubinstein, Innoxa. Grimeer- en velsorgmiddels vir elke veltipe.
Vir MANS wat manlik wil voel: Sanatogen, Game, Complan-proteïenpoeier vir ekstra fiksheid en meer energie.
En vir die aand se „afvaardiging" is daar Old Spice, Brut, Pub, haarmiddels en sjampoe.

**Die Bult-Apteek**

Tomstraat 88b Tel. 5943

**Spesiale aanbod**

WIT JASSE
DISSEKTEER-STELLE
MASSASTELLE



# *PU-atlete skitter*

**TWEE Wes-Transvaal en een Suid-Afrikaanse rekord het op Woensdagaand 27 Februarie 1980 tydens die Chubby Chick-Uitnodigingsbyeenkoms in die slag gebly.**

Wessel Bosman (SAP) het 'n nuwe Wes-Transvaal rekord opgestel toe hy die 110 meter hekkies in 'n tyd van 13,7 sek. gewen het. Mariëtte van Heerden (Wanderers) het vir die tweede Wes-Transvaal rekord gesorg toe sy die gewigstoot vir dames met 'n afstand van 15,39m gewen het. Dawie Malan was sonder twyfel die ster van die aand toe hy gedurende die laaste minute van die byeenkoms 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord in die paalspring opgestel het. Sy hoogte van 5,01m maak hom die eerste Suid-Afrikaner om ooit hoër as 5m te spring.

Isabel Campher se pragtyd van 13,7 sek. in die 100m hekkies vir dames was ook een van die hoogtepunte van die aand. Sy het in die 100m vir dames 'n derde plek behaal met 'n tyd van 12,2 sek.

Jurie van der Walt se tweede plek in die 110m hekkies vir mans en Cilliers Botha se tweede plek in die verspring vir mans het gesorg dat die Pukke se naam hoog gehou is.

Petro Fourie kan beslis as die opwindendste atleet van die aand bekroon word, nadat sy met 'n goeie tyd van 53,5 sek. 'n eerste plek in die 400m vir dames behaal het. Petro het boonop 'n tweede plek in die 200m vir dames behaal met 'n tyd van 24,0 sek.

Nanda Barnard en Estie van der Merwe het onderskeidelik 'n tweede en derde plek in die hoogspring behaal met dieselfde hoogte van 1,65m. Cilliers Botha het 'n tyd van 21,4 sek. behaal wat aan hom 'n derde plek in die 200m vir mans besorg het.

Die byeenkoms was van die beste wat nog ooit op Kenneth McArthur aangebied is en 'n spesiale woord van dank moet aan Christo Snyman gerig word vir al sy moeite om van die byeenkoms 'n sukses te maak.



**Met gemak het Petro Fourie 'n eerste plek in die 400m vir dames en 'n tweede plek in die 200m behaal.**



**Hier is Wessel Bosman (SAP) op pad na sy Wes-Transvaal rekord in die 110m hekkies vir mans**



**Isabel Campher ontvang haar prys vir die eerste plek in die 100m hekkies vir dames.**



**'n 5,01 meter hoogte wat maklik oorkom is, het van Dawie Malan die nuwe Suid-Afrikaanse paalspringkampioen gemaak.**



**Amajuba se oorwinning oor Caput bring hul op Vrydag 7 Maart om 10h00 teen Over-de-Voor te staan.**

# Kort-sport

## Mellow Wood Atletiekspan

Die volgende atlete het op Woensdagaand 5 Maart 1980 in Bloemfontein aan die Mellow Wood Atletiekbyeenkoms deelgeneem: Petro Fourie (200m en 400m); Isabel Campher (100m en verspring); Leonie Smith (200m en 400m); Dawie Malan (paalspring); Cilliers Botha (200m en verspring). Dié span is saamgestel uit atlete uit die Vrystaat, Wes-Transvaal en Oos-Transvaal.

Die jaarlikse atletiek-intervarsity tussen UOVS, RAU en die PU vir CHO vind op Vrydagaand 7 Maart 1980 in Bloemfontein by UOVS plaas.

## Binnemuurse Hokkie

Op 20 Maart 1980 sal twee dames- sowel as twee manshokkiespanne teen RAU op hulle bane gaan deelneem.

## Veldhokkie

Op 8 Maart 1980 gaan van die PU-hokkiedames 'n skeidsregterskursus op Carletonville bywoon. Op 10 Maart 1980 vind die senior dameshokkieproewe plaas en eerste spanne van alle koshuise sal teen mekaar speel. Die finale proewe sal op 12 Maart 1980 plaasvind.

## Toutrek

Mans sal op Vrydag 7 Maart 1980 tydens die interkoshuis-toutrekkompetisie gekeur word vir die PUK-spanne. Die toutrekklub beoog om op 15 Maart 1980 aan die Noord-Transvaalse-toutrekliga te gaan deelneem.

## Vlugbal

'n Koshuisliga word beoog en daar word nog op reaksies van die manskoshuise gewag. Die Universiteit het alreeds 'n uitnodiging om op 22 Maart 1980 'n wedstryd op Kroonstad teen die gevangeniswese te kom speel.

## Uitklopliga-koshuisrugby

Over-de-Voor sal op Vrydag 7 Maart 1980 teen Amajuba te staan kom in die finale wedstryd. Dit begin om 10h00 tot 11h15 op die Fanie du Toit se A-veld.

## Jukskei

Jukskeigeesdriftiges kan Marthinus van Rooyen by Thaba Jäh skakel.

## Koshuiskrieket

Op Saterdag 1 Maart 1980 het Overs teen Klooster gespeel en met 8 paaltjies gewen. Caput het Drakenstein met 120 lopies gewen.

Caput en Overs is dus onderskeidelik die wenners van hul twee afdelings en sal op Saterdag 15 Maart 1980 in die finale wedstryd speel. Die wenners sal dan die algehele wenner van die koshuisliga wees.



**Die wegspring van die damestrapkar gehou op Saterdag 1 Maart 1980. Vergeet-my-nie was die wenners met Karlien in die tweede plek.**